GEMEENSKAPSPOLISIEFORUM (GPF) AJV's SEPTEMBER TOT DESEMBER 2019

Sluit by jou plaaslike GPF aan en word deel van die bou van veiliger gemeenskappe. Die Departement van Gemeenskapsveiligheid nooi gemeenskapsorganisasies en -instellings uit om by die Departement van Gemeenskapsveiligheid of by jul plaaslike GPF te registreer ten einde deel te neem aan jul GPF se Algemene Jaarvergadering (AJV) en verkiesings, vanaf September 2019 tot Desember 2019.

Die Provinsiale Kommissaris sal, onderhewig aan die aanwysings van die lid van die Uitvoerende Raad, verantwoordelik wees vir die oprigting van gemeenskapspolisieforums by polisiekantore in die provinsie, wat breedweg verteenwoordigend van die plaaslike gemeenskap sal wees.

Die doelwitte van gemeenskapspolisieforums en -rade is uiteengesit in die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens 68 van 1995, Hoofstuk 7, artikel 18 (1), waarin bepaal word dat: "Die Diens moet, ten einde die doelwitte beoog in artikel 215 van die Grondwet, met die gemeenskap skakel deur gemeenskapspolisieforums en gebieds- en provinsiale gemeenskapspolisierade ooreenkomstig artikels 19, 20 en 21, met die doel om:
(a) 'n vennootskap tussen die gemeenskap en die Diens te vestig en in stand te hou;
(b) kommunikasie tussen die Diens en die gemeenskap te bevorder;
(c) samewerking tussen die Diens en die gemeenskap te bevorder om sodoende die behoeftes van die gemeenskap ten opsigte van polisiëring te bevredig;
(d) die lewering van polisiedienste aan die gemeenskap op nasionale, provinsiale, gebieds- en plaaslike vlakke te verbeter;
(e) deursigtigheid in die Diens en aanspreeklikheid van die Diens aan die gemeenskap te verbeter; en
(f) gesamentlike probleemidentifisering en probleemoplossing deur die Diens en die gemeenskap te bevorder."

Indien jou organisasie belangstel om by die GPF aan te sluit en deel te neem aan sy aktiwiteite, kontak asseblief die Departement van Gemeenskapsveiligheid of skakel die SAPD-stasiebevelvoerder by jou plaaslike polisiestasie. Jy moet die nodige aansoekvorm invul en inhandig om jou organisasie te registreer. Jy kan die vorm aflaai van die Departement van Gemeenskapsveiligheid se webwerf by www.westerncape.gov.za en deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid te kies. Jy kan jou organisasie by die Departement registreer tot 22 Julie 2019.

Dit is jou geleentheid om:
• 'n GPF-lid te word en jou organisasie op die GPF te verteenwoordig
• deel te word van die implementering van stappe om misdaad in jou gebied te takel, insluitend misdaadvoorkomingsprojekte, aktiwiteite en bewusmakingsveldtogte
• burgerlike toesig oor die polisiediens uit te oefen en polisiedienslewering aan die gemeenskap te verbeter
• deel te wees van aktiwiteite om gemeenskapskapasiteit te bou deur die vrywillige lewering van dienste en maatskaplike samehorigheid

Om te verseker dat jou organisasie geregistreer is, kontak asseblief die Departement via die skakels op die webwerf of besoek so gou moontlik jou plaaslike polisiestasie om die voorgeskrewe vorm af te haal, in te vul en in te handig. As jy meer inligting benodig, SMS asseblief CPF ELECTIONS na 35395 (tarief van R1.00 per SMS word gehef), of stuur 'n e-pos na EPP.admin@westerncape.gov.za of volg die CPF ELECTIONS skakel op die Departement se webwerf.